

Publication: Beeld,Daily (Sport)
Publication Date: 20 Jan 2018
Page: 35

AVE: 62978.70
Circulation: 41286
Part: 1 of 1

# Erin Burger maak vir SA geskiedenis op baan

**Annchen Nel**

Die legendariese Erin Burger, 'n senter wat 'n hele paar kilometer in elke netbaltoets hardloop om die bal so vinnig moontlik by die doele te kry, maak vandag geskiedenis.

Wanneer die Proteas dan in Londen teen Australië speel in die vierhoekige reeks, sal sy die eerste Suid-Afrikaanse speler word wat haar land in 100 toetse verteenwoordig.

Sy het op 22 Januarie 2007 as 19-jarige haar debuut teen Engeland in Birmingham gemaak.

Burger sê vandeesweek sy kan dit skaars glo.

"Ek het nooit gedink ek sal so lank speel nie. Gelukkig het ek nie te veel beserings gehad nie. Ek is werklik geseënd.

"Dit is 'n mylpaal om my land in soveel toetse te verteenwoordig. Dit wys vir jonger spelers enigeen kan droom om vir haar land te speel."

Hoewel dit 'n groot opoffering is om so lank te speel, bly dit steeds lekker, sê sy.

Die 30-jarige Pretorianer beskou vandag se toets egter as net nóg 'n wedstryd.

"Alles gaan oor die span en nie oor my nie. Ek twyfel of die span iets spesiaal beplan.

"Ons wil voortbou op dit wat ons verlede jaar teen Australië, Nieu-Seeland, Engeland en Fidji bereik het.

"Ons wil nie net goed vaar nie. Ons wil bestendig wees en nie bekend staan as 'n span wat net een keer 'n goeie uitslag behaal nie."

Suid-Afrika het verlede jaar geskiedenis gemaak deur Engeland pak te gee.

Hy het ook goed gespeel teen die Australiese Diamonds en die Nieu-Seelandse Silwervarings. Dit het die netbalwêreld se topspanne skielik laat besef die Proteas word nie meer maklik geïntimideer nie.

Burger sê hulle besef die vierhoekige reeks gaan 'n moeilike uitdaging wees.

"Almal wil goed vaar. Al die spanne berei nou voor vir die Statebondspele."

Sy self sal graag in April aan haar derde Statebondspele wil deelneem. Sy het Suid-Afrika in 2011 in Delhi, Indië, en in 2014 in Glasgow, Skotland, verteenwoordig.

Burger het ook al drie Wêreldbeker-toernooie agter die blad: in Auckland, Singapoer en Sydney.

Sy is in 2011 in Singapoer as die Speler van die Toernooi aangewys.

"Ek sal tot 2019 wil vasbyt," sê sy. Die volgende WB-toernooi word dan in Liverpool, Engeland, beslis.

Burger het al twee stresfrakture in die voet en enkel opgedoen en 'n groot deel van 2012 se seisoen misgeloop.

In 2016 het sy 'n wangbeen gebreek, maar het met 'n gesigmasker steeds aan die Diamantliga deelgeneem.

Burger is 'n gebore en getoë Pretorianer, wat in 2016 net 'n paar maande in Stellenbosch gewoon het en vir die Stings en die Wes-Kaap gespeel het.

Sy was kaptein van die Wes-Kapenaars toe hulle die provinsiale toernooi in Durban gewen het.

Sy is al sedert 2013 ook 'n afrigter en eienaar van die netbalskool Extreme Netball saam met die Kapenaar Anso Kemp.

"Ons is reisende afrigters. Ons gaan na skole wat nie altyd kan bekostig om kursusse by te woon of te kan toer nie.

"Ons reis oral in ons pragtige land. Ek doen waarvoor ek lief is. Dit is wonderlik."

Burger is die laaste paar jaar ook 'n hulpafrigter vir Jenny van Dyk by Tuks en ander Noord-Gautengse spanne.

Sy het verlede jaar vir die Queensland Firebirds in die Australiese Superliga gespeel en is genooi om dié seisoen terug te keer. Sy het egter daarteen besluit.

"Dit was 'n moeilike besluit, maar ek wil eerder op my besigheid fokus. Ek word nie jonger nie!"

■ Engeland en Nieu-Seeland pak mekaar vandag om 20:00. Die Engelse Rose speel ook Maandag tuis teen die Aussies. Die spanne reis dan na Johannesburg.

■ **TV:** Vandag om 17:30 op SS 8 en SS 10.




**Erin Burger rank hoog om balbesit vir Suid-Afrika te verseker in September 2017 se geskiedkundige oorwinning oor Engeland in 'n vierhoekige toets in Invercargill, Nieu-Seeland. Agter is Beth Cobden van Engeland.**
Foto: GETTY IMAGES

## SA netbalspan: Vordering of ontnugtering?

Eers 25, toe 16, toe 6.

Dit is die verhaal van die doeleverskil in die onlangse netbaltoetse tussen Australië en Suid-Afrika.

Die Aussies spog steeds met 'n onoorwonne vertoningslys teen die Suid-Afrikaners, maar die Proteas het hulle op 30 Augustus 2017 in Canberra lelik die skrik op die lyf gejaag.

Die Aussies het 'n laat eindpoging nodig gehad om dié wedstryd in die vierhoekige reeks met 58-52 te wen. Die rustydtelling was 27-27.

Einde Januarie 2017 in Durban was die doeleverskil 16 (62-46) en in 2016 se eerste aflewering van die vierhoekige reeks was dit 25 – met 68-43 in Auckland.

'n Mens kan nie ontken dat Suid-Afrika verbeter nie, maar die feit bly staan Australië het in Canberra 'n minder ervare span teen die Proteas ingespan.

Australië is die wêreldkampioen, maar wat nou selfs belangriker is, is dat hy ook die Statebondkampioen is. Sy grootste fokus en voorbereiding is reeds daarop gemik om in April op tuisbodem sy titel suksesvol te verdedig. Alles wat die Australiërs in die volgende maande doen, is fyn verstellings gemik op goud in die Goudkus. 'n Mens hoop net die Proteas ontgeld dit nie. – **Annchen Nel**

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.